

# In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appel DIVISION).  
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.  
APPEL IN STRAFSAAK.

JEFFREY SCHOEMAN

Appellant.

*versus/teen*

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Wilmington & de Vols Respondent's Attorney P.G. (Pta.)  
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

D.J. Curlewis, S.C. and W.J. v.d. Merwe Respondent's Advocate J.P. Barnard.  
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

Set down for hearing on 18-3-1971  
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

(T. I. A.) 24.9  
*Van Blerk, Jansen, JJ. A. et Kotzé, A.J.A.*

9.45 a.m. to 11.5 a.m.

C.A.V.

2.7.5 11 *Tussen A.B. officieel van de hand gezet*

*[Handwritten signature]*  
27  
1971

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPELAFDELING

In die sake tussen:

1. JEFFREY SCHOEMAN ..... APPELLANT

EN

DIE STAAT ..... RESPONDENT

2. KERRY. J. MARTIN  
SAREL J. PIETLSE  
CHRISTOFFEL P.A. FYPER  
HENDRIK P.D. VILJOEN  
CHRISTIAAN VENTER  
ANDRE D. JOUBERT  
MICHAEL J. MARKS ..... APPELLANTE

EN

DIE STAAT ..... RESPONDENT

Coram: Van Blerk, Jansen, A.R.R. et Kotzé, Wnd. A.R.

Verhoor:  
18 Maart 1971

Gelewer:  
27 Mei 1971

UITSPRAAK

JANSEN, A.R. :

In beide hierdie sake, afsonderlik deur verskillende landdroste in die Landdroshof te Pretoria verhoor, is die betrokke appellante, dienspligtiges ingevolge die Verdedigingswet, 1957, elkeen aan oortreding van art. 19(2)

van die Reglement ...../2

X Reglement van Dissipline (die Eerste Bylae tot die <sup>wet</sup> ~~Verdedigingswet~~) skuldig bevind, nl. ongehoorsaamheid aan 'n wettige bevel deur 'n meerdere gegee, en gevonniss tot 90 dae detensie in die detensiekaseme te Voortrekkerhoogte. Appelle na die Transvaalse Provinsiale Afdeling teen hierdie straf het nie geslaag nie, en die appellante kom nou met verlof van daardie Afdeling in hoër beroep.

Dit word aangevoer dat t.o.v. al die appellante met die straftoemeting foutter is en dat aangesien 'n ~~landdroshof~~ ingevolge art. 105(1) van die Verdedigingswet 'n keuse het om o.a. òf gevangenisstraf òf detensie op te lê, hier die keuse op gevangenisstraf moes geval het. (Weliswaar is in die appellante se betoogshoofde aan die hand gedoen dat 'n boete of waarskuwing gepas sou gewees het, maar hierin is tereg nie in volhard nie - dit is nóg in die verhoorhof nóg in die kennisgewings van appèl aan die Provinsiale Afdeling geopper en sou op die feite bowendien ~~onvoldoende~~ wees). Hierdie kontensie kan ietwat bevreedend voorkom aangesien volgens die Reglement van Dissipline detensie as 'n ligter en minder

ernstige straf as gevangenisstraf beskou word (art. 91(2)), maar die verklaring lê in die besondere omstandighede, wat vir die appellante aanhouding in 'n gevangenis wat nie onder militêre beheer staan nie, meer aanneemlik maak. Dit is in die Landdroshof deur al die betrokkenes aanvaar dat "gevangenisstraf" aanhouding in sodanige nie-militêre gevangenis sou meebring (of altans dat die hof dit kon gelas het) terwyl detensie sou beteken aanhouding in 'n detensiekaserne (vgl. art. 119 van die Reglement van Dissipline), wat onder militêre bewind staan. Ook voor ons het die betoog namens beide die Staat en die appellante op hierdie grondslag berus. Vir doeleindes van hierdie appèl sal dit aanvaar word (sonder om op die kwessie in te gaan) dat hierdie vooropstelling juis is.

By oorweging van die onderhawige appèlle moet weereens beklemtoon word dat 'n hof van appèl geen algemene bevoegdheid om die straf wat 'n verhoorhof opgelê het na goeëdunke te versag nie, maar slegs beperkte bevoegdheid het om in sekere engomskrewe gevalle in te gryp (S. v. De Jager and Another, 1965 (2) S.A. 616 (A.A.)). Trouens, dit word

namens ..... /3(a)

namens die appellante so sensaar en die kontensie is juis dat die uitoefening van die diskresie sodanig foutief was dat die onderhawige gevalle binne die kader van daardie beperkte bevoegdheid val. In die eerste plek word aangevoer dat in beide sake die verhoorhof 'n mistasting begaan het deur nie in aanmerking te neem dat in die bepaalde omstandighede 'n straf van detensie daarop sou neerkom dat die appellante vir hul oortreding "dubbel" gestraf word en dat detensie juis tot onmiddellike herhaling van die selfde oortreding sal lei, met 'n verdere aanklag van dieselfde aard teen elkeen van die appellante; in die tweede plek word aangevoer dat in ieder geval die straf van detensie in die bepaalde omstandighede so buitensporig is (in die sin genoem in S. v. Whitehead, 1970 (4) S.A. 424 (A.A.) op 436D) dat hierdie Hof kan ingegryp en dit tot bv. gevangenisstraf in 'n siviele gevangenis kon verander.

Die hoofomstandigheid waarop die appellante hul beroep vir hul kontensies is dat onderhawige oortredings van art. 19(2) van die Reglement van Dissipline op geloofsbesware

berus, ontleen aan die leerstukke van die sg. "Jehovah se Getuies". Wat hierdie geloof presies behels, is nie deur enige van die appellante self aan die verhoorhof verduidelik nie.

Ook is geen getuies namens hulle hieroor geroep nie.

Elkeen het slegs skuldig aan die aanklag gepleit en volstaan met sekere erkennings deur die Staatsgetuies onder kruisverhoor en sekere stellings (wat oënskynlik nie deur die Staat betwis is nie) deur sy prokureur toe lg. die verhoorhof toegesprek het.

O.a. het die prokureur in Jeffrey Schoeman se geval gesê:-

"..... die lede van hierdie Kerk weier om militêre dissipline te ondergaan, hulle weier om enige iets met wat militêr is te gehoorsaam ..... Dit is nie amptelik beleid van hierdie Kerk dat die lede van daardie Kerk moet weier om militêre dissipline te ondergaan nie. Elke persoon, dit word aan elke lid van die Kerk aan homself persoonlik oorgelaat om volgens sy geloofsopvatting, sy interpretasie te besluit of hy wil militêre opleiding ondergaan of nie. Dit is nie die amptelike beleid van die Jehovah se Getuies as n geheel nie. Dit hang van elke individu af wat aan daardie organisasie behoort. Die hele rede hoekom persone van hierdie Kerk weier om dit te doen is omdat dit indruis teen hulle geloof omdat hulle dit nie kan versoen met hulle interpretasie van die Bybel nie. Dit is n gewetensbeswaar deur en deur en dit is die enigste rede. Vir hulle, om dit so eenvoudig as moontlik te stel, het alles wat militêr is ten doel ..... die doodmaak van persone, van ander mense, en daarmee stem die mense nie saam nie .....

Dit is so dat daar word voorsiening gemaak en hulle word in nie-vegtende eenhede ingedeel, bo en behalwe die feit dat in oorlogstyd, en ek wil die Hof vra om dit so te aanvaar, hierdie mense ook direk gemoeid is met die doodmaak van die vyand, druis dit nog in teen hulle geloof om iets te doen te hê met enige iets wat militêr is, of dit nou n nie-vegtende eenheid is, of dit nou medies is of n klerk is, of wat u dit ook al noem, edelagbare, vir hulle kom dit weer eens daarop neer dit het te doen met die doodmaak van ander persone, dit is hoekom hulle daardie opleiding ontvang, hulle wil nie iets daarmee te doen hê nie."

Aldus gestel, bly daar heelwat vrae onbeantwoord oor die leerstukke van hierdie geloof. Maar hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die afkeer van elkeen van die appellante van dit wat met die Weermag verband hou, op die dag van die onderhawige oortreding van art. 19(2), sodanig was dat hy nie bereid was om selfs die voorgeskrewe kleredrag van aangehoudenes in die detensiekaserne te Voortrekkerhoogte (waar elkeen toe n aangehoudene was) aan te trek nie. In al die gevalle was die bevel wat verontagsaam was, en die basis van die aanklag ingevolge art. 19(2) uitgemaak het, n bevel om die voorgeskrewe oorpak en stewels aan te trek en die voorgeskrewe plastiese helm op te sit en met strafwerk aan te gaan, en geen deel hiervan is uitgevoer nie.

Dit volg dat as enige van die appellante sou volhard in hierdie benadering tydens die uitdien van die nou

opgelegde detensie van 90 dae, hulle noodwendig in verdere moeilikheid sal kom. As aangehoudenes sal hulle aan die Detensiekaserneregulasies (Goewermentskennisgewing R.1190, 8 Desember 1961, kragtens art. 87(1) (q) en (s) van die Verdedigingswet en art. 120(3) van die Eerste Bylae) onderhewig wees. O.a. word hierin bepaal dat n aangehoudene n misdryf begaan as hy bv. "ongehoorsaam is aan enige wettige bevel hom deur n personeellid gegee" (Hoofstuk IV art. 1(2) (b)). Hy kan dan deur die Superintendent verhoor word en op skuldigbevinding een van die volgende strawwe opgelê word (Hoofstuk IV, art. 3):-

"(a) Eensame opsluiting met skraal rantsoen van hoogstens ses dae, waarvan hoogstens twee dae in enige tydperk van sewe agtereenvolgende dae uitgedien word: Met dien verstande dat n aangehoudene waar doenlik nie binne 24 uur voor vrylating of verskyning voor n hof buite die detensiekaserne, aan skraal rantsoen onderwerp word nie;

(b) eensame opsluiting van n tydperk van hoogstens 14 agtereenvolgende dae, na afloop waarvan daar nie van hom vereis word om binne 48 uur n verdere straf van eensame opsluiting met of sonder skraal rantsoen uit te dien nie;

(c) ..... /7

- (c) ekstra arbeid van hoogstens drie uur per dag, tot n maksimum tydperk van drie dae;
- (d) ekstra militêre onderrig van hoogstens een uur per dag, tot n maksimum tydperk van sewe dae;
- (e) gedeeltelike of algehele verbeuring van voorregte of geriewe vir sodanige tydperk as wat die verhooroffisier bepaal; of
- (f) berisping."

Eensame opsluiting (met of sonder skraal rantsoen) bring o.a. mee dat die aangehoudene "alle lees-, skryf- en posvoorregte" ontnem word en nie toegelaat word "om te rook, enigiets aan te koop of om n besoeker, behalwe n veldprediker of sy regsvertegenwoordiger, te ontvang nie" (Hoofstuk IV, art. 11).

Dit word namens die appellante betoog dat hulle noodwendig na opname in die kaserne aangesê sal word om bv. weer die gewraakte kleding aan te trek, dat hulle die bevel sal verontagsaam/ en dat hulle dan skuldig bevind en gestraf sal word ingevolge die Regulasies, en dat dit by herhaling sal geskied tot verstryking van die 90 dae. Aldus, so die betoog, sal die appellante dubbel gestraf word vir dieselfde oortreding. Daar word ook verder aangevoer dat deur oplegging van detensie in n detensiekaserne die appellante onmiddellik in n situasie

geplaas word waar hulle weereens dieselfde misdaad as dié  
 waaraan hulle skuldig bevind is, kan en sal begaan, met die  
 gevolg dat hulle na verstryking van die 90 dae weereens voor  
~~in~~ Sandros sal verskyn op 'n aanklag van oortreding van  
 art. 19(2) van die Reglement van Dissipline, aangesien dit  
 Weermagsbeleid is om dan die jongste weiering om bv. die bevel  
 om die voorgeskrewe kleredrag aan te trek, onder oortreding  
 van hierdie artikel tuis te bring. Hierteenoor, so die be-  
 toog, sou die appellante by aanhouding in 'n siviele gevangenis  
 nie aldus aan dubbele straf onderhewig wees nie of in die ge-  
 leentheid gestel word om aldaar weer 'n oortreding van art. 19(2)  
 te begaan nie.

Dit is so dat as die appellante in hul  
 standpunt en optrede sou volhard, ~~in~~ sake wel soos betoog in  
 'n detensiekasernes kan verloop: uit die getuienis en die appel-  
 lante se vorige veroordelings blyk dit dat Weermagsbeleid wel  
 is soos aengevoer. Om egter te sê dat die appellante dubbel  
 gestraf sal word vir dieselfde oortreding is ~~in~~ 'n vereen-  
 voudiging wat maklik 'n wanindruk skep. Enige strafverswaring

sou voortvloei uit nuwe oortredings, nl. van dié Detensiekaserneregulasies wat op die handhawing van interne dissipline betrekking het. Hoogstens sou hulle beskou kon word as oortredings van soortgelyke aard as dié waaraan die betrokke appellant skuldig bevind is kragtens art. 19(2) van die Reglement van Dissipline en as voortvloeiende uit dieselfde dryfveer. Word detensie in n detensiekaserne teenoor gevangenisstraf in n siviele gevangenis gestel, dan kan met groter juistheid gesê word dat in die omstandighede daar vir die appellante minder aanleiding in lg. sal wees om in botsing met interne dissipline te kom en aldus verdere straf op te loop, as in e.g. Wat betref n verdere oortreding van art. 19(2) van die Reglement van Dissipline en die aanvang van n nuwe siklus met n verdere aanklag in ~~die~~<sup>in</sup> landdroshof, skyn die siviele gevangenis vir die appellante weinig voordeel te bied. Die appellante sou blykbaar deurgaans aan die bepalinge van die Reglement van Dissipline onderhewig wees (vgl. art. 104(5) van die Verdedigingswet) en sodra een van hulle uit die gevangenis ontslaan word (indien nie selfs vroëer nie) sal hy

tog weer, deur 'n regmatige bevel van 'n meerdere nie te gehoorzaam nie, 'n nuwe siklus in werking stel.

Soos reeds vermeld, word in die eerste plek aangevoer dat in beide sake die verhoorhof hierdie oorewegings buite rekening gelaat het en aldus misgetas het. Daar is egter weinig grond vir 'n gevolgtrekking dat dit wel die geval is. Die redes deur 'n verhoorhof verstrek is nie noodwendig alles behelsend nie (S. v. Victor, 1970 (1) S.A. 427 (A.A.)) en in ieder geval is daar hier genoegsame aanduiding uit dié wat die twee landdroste wel verstrek het, dat hulle terdeë van die verskil in uitwerking op die appellante tussen gevangenisstraf en detensie bewus moes gewees het en dit nie buite rekening kon gelaat het nie.

Wat die beweerde buitensporigheid van die straf van 90 dae detensie betref, moet as uitgangspunt geneem word dat die appellante nie eerste oortreders is nie en die straf nie die maksimum is wat opgelê kon gewees het nie; die appellante het almal instens een

vorige veroordeling (Jeffrey Schoeman selfs drie) van die-  
selfde of soortgelyke aard as dié waaraan hulle nou skuldig  
bevind is waarvoor 90 dae detensie toe deur n landdroshof op-  
gelê is (en tydens die uitdien waarvan in al die gevalle her-  
haalde oortredings van die Detensiekaserneregulasies met een-  
same opsluiting - soms met skraal rantsoen daarby - gestraf  
is); die maksimum straf deur art. 91(2) van die Reglement  
van Dissipline gestel is 1 jaar gevangenisstraf waarvan n  
landdroshof 6 maande sou kon opleê - art. 105(1) van die  
Verdedigingswet. Desondanks word die opgelegde straf  
as buitensporig bestempel om verskeie redes. Die strekking  
van die betoog is o.a. dat meer waarde ..... /12

waarde aan die gevaar van "dubbele straf" geheg moet word, en aan die feit dat hier dwang toegepas word om die appellante van hul geloof te laat afsien, as wat die verhoorhof gedoen het. Verder word die verhoorhof ook gekritiseer omdat dit daarenteen te veel waarde sou geheg het aan die oorweging dat in 'n siviele gevangenis die appellante met misdadigers in aanraking sal kom, terwyl dit nie genoeg waarde daaraan geheg het dat die vorige woordelings aantoon dat detensie in 'n detensiekasene tog nie die gewenste uitwerking gehad het nie.

Wat die geloofsaspek betref, moet egter daarop gewys word dat die Verdedigingswet ~~.....~~ n <sup>omskrewe</sup> ~~.....~~ ~~.....~~ erkenning, by wyse van uitdruklike bepaling, van die geldigheid van gewetensbesware t.o.v. diensplig bevat. Art. 67(3) bepaal:-

"Die registrasiebeampte moet vir sover doenlik 'n persoon wat na sy wete bona fide aan 'n erkende kerkgenootskap, volgens die leerstellings waarvan sy lede nie aan oorlog mag deelneem nie, behoort en dit aanhang, aan 'n eenheid toewys waar bedoelde persoon in staat sal wees om in 'n nie-vegtende hoedanigheid diens ter verdediging van die Republiek te doen."

n Geloof dat geen diens hoegenaamd onder militêre dissipline, selfs ter versagting van die lot van lydendes in tyd van oorlog of nasionale ramp, gedoen behoort te word nie, wat selfs die blote aantrek van n uniform wat deur die weermag voorgeskryf is, of die gehoorsaming van enige bevel van militêre oorsprong as sondig sou beskou, is klaarblyklik nie deur die Wetgewer hier erken nie. Selfs die hulpdienste wat die Minister van Verdediging kragtens art. 80(1) van die Verdedigingswet bevoeg is om in te stel, "bestaande uit persone wat verbind is om as wachte of wagers te dien of om ander nie-vegdiens te verrig", sou waarskynlik nie plek bied vir aanhangers van sodanige geloof nie, aangesien die inslag tog skyn van militêre aard te wees (vgl. art. 80(3)).

Wat die moontlik nadelige uitwerking van n gewone gevangenis betref, word betoog dat administratief gevangenes in verskillende kategorieë ingedeel word en dat die appellante waarskynlik nie met gewone misdadigers in aanraking sou kom nie. Dit is egter nie heeltemal duidelik dat dit wel die geval is nie, aangesien dit o.a. nie blyk of die appellante, gesien hul vorige veroordelings, as eerste oortreders beskou

sal word bloot omdat hul oortredings betrekking het op die Reglement van Dissipline of om daardie rede van gewone oortreders geskei sal word nie, en dit sou dus verkeerd wees om die moontlikheid van beïnvloeding ten kwade deur aanhouding in 'n siviele gevangenis heeltemal buite rekening te laat.

Die kontensie dat hier waarde geheg moet word aan die feit dat vorige detensie nie enige verbetering aangebring het nie, skyn ietwat onvanpas te wees: (dit sou bv. nie aangevoer kan word dat aanhouding in 'n gewone gevangenis eerder tot toekomstige nakoming van die bepalinge van die Reglement van Dissipline sal lei as detensie in 'n detensiekaseme nie.

Die bekende oorwegings wat normaalweg by straftoemeting geld blyk uit 'n saak soos S. v. Whitehead (supra, 436 F-G). Die onderhawige kan egter nie as gewone gevalle beskou word nie. As gevolg van uitdruklike wetsbepaling moet hier n ..... /15

n verdere, dwingende faktor in ag geneem word. Art. 105(2)

van die Verdedigingswet bepaal:-

"By die opleê van n straf weens n misdryf ingevolge hierdie Wet of bedoelde Reglement, neem die hof kennis van die erns van die misdryf met inagneming van die uitwerking daarvan uit n militêre oogpunt, en hou hy rekening met die noodsaaklikheid om n behoorlike standaard van militêre dissipline in die Suid-Afrikaanse Weermag te handhaaf."

Vir die verhoorhof in beide sake was die handhawing van militêre dissipline deurslaggewend - soos die hof se redes uitdruklik toon in die geval van Jeffrey Schoeman<sup>en</sup> by duidelike implikasie in die geval van die andere. Klaarblyklik was die verhoorhof in beide sake van oordeel dat hier die handhawing van die militêre dissipline swaarder weeg as die aanwesige subjektiewe faktore wat die appellante mag begunstig.

Is hierdie n foutiewe benadering in geval van elk van die beskuldigdes en volg dit dat 90 dae detensie n buitensporige straf is? Vanuit militêre oogpunt is die onderhawige oortredings van art. 19(2) van uiters ernstige aard. Elkeen vloei voort uit n opsetlike en vasberade verset teen

die hele instelling van diensplig en opleiding wat die Burgermag ten grondslag lê (vgl. art. 3, gelees met Hoofstuk IV van die Verdedigingswet), n verset wat reeds vroeër n aanvang geneem het met n oorspronklike versuim om op n aangewese tyd en plek te verskyn en gelei het tot skuldigbevinding deur n landdroshof aan oortreding van ðf art. 126 van die Verdedigingswet ðf art. 14(b) van die Reglement van Dissipline, na gelang van die geval, en n straf van 90 dae detensie. Sou dit toegelaat word om te slaag sonder voldoende strafmaatreëls, kan dit die dissipline, die hele instelling van diensplig ondermyn deur andere wat <sup>h</sup>nie bona fide geloofsbesware het nie, aan te moedig om in n soortgelyke verset vanweë selfsugtige of ander redes te kom. Die erns waarmee die Wetgewer <sup>indie algemeen</sup> aansporgig (of poging daartoe) <sup>bejien</sup> van n lid van die Weermag of n hulpdienst of selfs n vrywillige verpleegdiens ingevolge die Wet ingestel, om sy pligte of diens te versuim, ~~.....~~ blyk uit arts. 121 en 127 van die Verdedigingswet, waar skuldigbevinding aan oortreding van eersgenoemde art. met selfs 5 jaar gevangenisstraf en n boete van R1 000 strafbaar gestel word. Die onderhewige oortredings is in die

geval van elk van die appellante nie die eerste nie en word ook verswaar deur die feit dat die ongehoorsaamheid aan die betrokke bevel in n detensiekaserne direk kan lei tot ondermyning van die militêre dissipline aldaar.

In die lig hiervan <sup>alleen</sup> sou dit moeilik wees om tot die gevolgtrekking te geraak dat 90 dae detensie in die onderhawige gevalle buitensporig is. Maar die betoog namens die appellante kom wesenlik daarop neer dat dit in die omstandighede 90 dae eensame opsluiting sal beteken. Dit sal slegs die geval wees as die appellante volhard in die optrede waarvoor hul nou juis gestraf word. Dit is moeilik om in te sien dat in die algemeen n hof deur n beskuldigde se uitgesproke voorneme om bv. gevangenisregulasies te oortree beïnvloed sal word om n korter termyn van gevangenisstraf op te lê omdat as die beskuldigde sy voorneme uitvoer, hy bykomstige straf sal oploop. Maar op die veronderstelling dat die gevalle hier nie heeltemal analoog is nie, kan daar <sup>toe</sup> nog gevra word of dit noodwendig so is dat die appellante aldus sal optree. Weliswaar het hulle tot dusver n besondere vasberadenheid getoon. Veral die geval van

Jeffrey Schoeman (met n vorige veroordeling ingevolge art. 126(1) van die Verdedigingswet en twee ingevolge art. 19(2) van die Reglement) spreek hiervan. Vanaf die 26ste Januarie 1970 tot die 5de Augustus 1970 (toe hy aan die onderhawige oortreding skuldig bevind is), met slegs n onderbreking in Maart en Mei toe hy op borg vrygelaat is (soos hy tans ook is), was hy feitlik voortdurend in afsondering gehou - of as gevolg van herhaalde oortreding van die Detensiekaserneregulasies waarvoor hy n totaal van 42 dae eensame opsluiting opgelê is en n verdere 20 dae met skraal rantsoen, of bloot omdat, as gevolg van sy weiering om die voorgeskrewe drag te dra, hy nie toegelaat is om met ander aangehoudenes te meng nie. Maar volg die noodwendig dat hy nie tot ander insigte sal kom nie? Dit is opvallend dat hy skynbaar sy eerste straf van 90 dae detensie (in Maart 1969 vir oortreding van art. 126(1) van die Verdedigingswet deur n landdroshof opgelê) ondergaan het sonder Regulasies te oortree. Verder het hy vanaf 17 Desember 1969 (toe hy weer deur n landdros tot 90 dae detensie gevonnies is vir oortreding van art. 19(2) van die Reglement) tot 22

Januarie 1970 ook nie die Regulasies oortree nie - eers op lg. datum het hy, toe ander geloofsgenote ook in die kaserne opgeneem is, sy voorgeskrewe drag uitgetrek en geweier om hom verder te onderwerp aan die Kasernedisipline. Die presiese leerstukke van sy geloof is ook nie aan die Verhoorhof meege-deel nie. Die noodwendigheid dat 90 dae detensie deur eensame opsluiting ingevolge Detensiekaserneregulasies verswaar sal word, blyk dus nie ten volle nie.

Maar al word aanvaar dat 90 dae detensie in die besondere omstandighede noodwendig aldus verswaar sal word, sou dit tog moeilik wees om by die opweging van al die faktore, veral gedagtig aan die voorskrif van art. 105(2) van die Verdedigingswet, tot die gevolgtrekking te kom dat dit 'n buitensporige straf is in die bepaalde omstandighede, soos hulle uit die notule blyk, van hierdie appellante. Wat die geval sal wees na verdere en herhaalde skuldigbevinding en straf, is nie 'n kwes-sie wat nou ter sprake is nie.

Binne die raamwerk van die Verdedigingswet-se-erkenning van geloofsbesware, is daar hier geen voldoende rede om in die landdroste se uitoefening van diskresie in te gryp nie.

Die appèlle word van die hand gewys.

*E. L. Jansen.*  
E. L. JANSEN  
APPÈLREGTER

Van Blerk, A.R. )  
Kotzé, Wnd. A.R. ) Stem saam